

HOOFSTUK 6
GEVOLGTREKING:
DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ
IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

INHOUD

- 6.1. INLEIDING
- 6.2. DIE STAND VAN NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE
- 6.3. DIE RELEVANSIE VAN DIE SOSIOHISTORIESE EN LITERÊRE KONTEKS VAN DIE MARKUSEVANGELIE VIR DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING
- 6.4. DIE RELEVANSIE VAN DIE OPENBARINGSHISTORIESE KONTEKS VAN DIE "SEUN VAN DIE MENS"-UITSPRAKE IN DIE MARKUSEVANGELIE VIR DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING
- 6.5. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 8:27-10:52
- 6.6. SENTRALE BEVINDING: DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE διακονία IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

6.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangesluit by die hoofprobleemstelling en die subprobleemstellings wat in Hoofstuk 1 geformuleer is. Die hoofdoelstelling en doelwitte soos uiteengesit in Hoofstuk 1 word in die verskillende afdelings van die hoofstuk vermeld. Na elke hoofstuk is uitgebreide gevolgtrekkings aangebied. In hierdie hoofstuk word slegs die kernbevindings van elke hoofstuk gestel as gevolgtrekking van hierdie studie en as beantwoording van die probleemstelling en bereiking van die doelstelling.

Die hoofprobleemstelling van hierdie studie is in Hoofstuk 1 soos volg geformuleer: "Wat is die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?" Die hoofdoelstelling van hierdie studie was om die implikasie van Jesus se διακονία in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie vas te stel.

6.2. DIE STAND VAN NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

Die eerste subprobleemstelling het gevra na die stand van navorsing ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie. Die eerste doelwit was om **die stand van navorsing** ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie te bepaal.

Verskeie benamings word vir en deur Jesus vir Homself in die Markusevangelie gebruik. Navorsers verskil oor die interpretasie van hierdie benamings. In hierdie studie is ten opsigte van die Christologie aangesluit by die narratiewe benadering wat die Christologie vanuit die eenheidsperspektief van die Markusevangelie benader. Dit blyk verder uit navorsing oor die Markusevangelie dat Jesus se hele lewe as *διακονία* beskryf kan word en dat die evangelie van die koninkryk van God 'n sentrale rol in Jesus se *διακονία* speel. Uit navorsing blyk dit verder dat Jesus se diens tot uitdrukking kom in sy onderrig en prediking, maar ook in sy dade. In hierdie studie word Jesus se optrede getipeer as sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging waaruit dit duidelik blyk dat Hy Verkondiger, Wonderwerker en Verlosser is wat mense tot bekering en geloof oproep. Hy nooi enige iemand wat die evangelie hoor, om Hom te volg.

Uit navorsing blyk dit ook dat twee sentrale temas, naamlik Christologie en dissipelskap, in die Markusevangelie funksioneer en dat hierdie twee temas prominent in die sogenaamd sentrale dissipelskap-gedeelte in Markus 8:27-10:52 figureer. Navorsers wys daarop dat dissipelskap in die Markusevangelie nie beperk is tot die Twaalf nie, maar onder andere ook die geringer karakters, die skare en die geadresseerdes by hierdie tema van dissipelskap of navolging betrek. Navorsers aanvaar dat die dissipels in die Markusevangelie en Markus 8:27-10:52 in die besonder dikwels heel negatief voorgestel word as dat hulle eiebelang, eie voordeel, eie posisie en eie status voorop stel en geestelik blind is. 'n Belangrike tendens in Markusnavorsing is om die verklaring van hierdie negatiewe voorstelling in die verhouding tussen Christologie en dissipelskap te soek. In aansluiting by genoemde tendense in navorsing word gepoog om 'n antwoord op die verhouding tussen Christologie en dissipelskap en die negatiewe voorstelling van die dissipels te bied. Navorsers het ook die missionêre karakter van Jesus se *διακονία* beklemtoon. Uit navorsing blyk dit dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging met die missionêre roeping van sy volgelinge te doen het. Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is gerig op die wêreld, die

mensdom. Dissipelskap as navolging is nie beperk tot enkelinge soos die Twaalf nie, maar is juis gerig op almal wat met Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging te doen kry en gelowig daarop reageer. Jesus en sy volgeling se diens is gerig op God, medevolginge en die medemens, veral die geringes en randfigure (vgl die wonderwerke).

6.3. DIE RELEVANSIE VAN DIE SOSIOHISTORIESE EN LITERÊRE KONTEKS VAN DIE MARKUSEVANGELIE VIR DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE *ΔΙΑΚΟΝΙΑ* IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

Die volgende navorsingsvraag is in Hoofstuk 3 beantwoord: "Wat is die relevansie van die sosiohistoriese en literêre konteks van die Markusevangelie vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?" Eers word in hierdie samevatting aangetoon wat die relevansie is van die sosiohistoriese konteks en daarna die relevansie van die literêre konteks vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie is.

Uit die ondersoek blyk die relevansie van **die sosiohistoriese konteks** vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie. Die relevansie is daarin geleë dat daar 'n verband is tussen Jesus se lyde en diens en sy volgeling se lyding en diens. Die Markusevangelie het waarskynlik in Rome tussen 65 en 70, moontlik in 69 nC, sy ontstaan gehad. Dit was tye van politieke onsekerheid en vervolging, waarvan lyding vir Jesus se volgeling nie uitgesluit was nie. Uit Jesus se lyde en diens word sy volgeling in hulle lyding aangespoor om te volhard en Hom, wat opgestaan het en weer kom, te dien. Vrees vir lyding, vervolging, selfs die dood, maar ook onderlinge twis, onenigheid, eie belang en eersoekery hoort nie tuis onder Jesus se volgeling nie, eweneens nie onder diegene wat lei is nie. Die skrywer is moontlik Johannes Markus, en die Markusevangelie weerspieël waarskynlik die getuienis van Petrus. In 'n apokaliptiese situasie word menslike sonde, nood en krisis deur Jesus met sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging onder die loep geneem. Jesus doen dit deur sy woord- en daadverkondiging, maar ook deur die woord- en daadverkondiging van sy volgeling.

Die geadresseerdes se bepaalde omstandighede is relevant en dus diensbaar aan die evangelie en die koninkryk van God. Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging aan sy twaalf dissipels en ander volgeling dien as motivering vir hulle *διακονία* in

woord- en daadverkondiging aan hulle medemens wêreldwyd totdat Hy kom. Dissipelskap het te doen met navolging, en navolging sluit eie belang uit. Navolging het te doen met diens aan God, mekaar en die medemens. Dit is allesbehalwe maklik. Dit impliseer lyding en kruisdra. Dit eis alles van elkeen van sy volgelinge, en die koste is geweldig hoog.

Die ondersoek na die relevansie van **die literêre konteks** vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie het aangetoon dat die genre, die struktuur, die doel en die boodskap die twee aspekte van Christologie en dissipelskap belig. Die genre van die Markusevangelie word getipeer as dramatiese, apokaliptiese, eskatologiese vertelling en biografie. Jesus as subjek word op 'n paradoksale wyse aan sy dissipels en die mense, ook die geadresseerdes van die Markusevangelie, geopenbaar, maar dan as lydende en dienende Seun van die mens wat mense roep om Hom te volg en selfopofferend te dien. Uit die struktuurindeling van die Markusevangelie blyk dit dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die hele Markusevangelie, maar veral in die sentrale dissipelskap-deel (8:27-10:52), 'n belangrike rol speel. Jesus word as Verkondiger, Wonderwerker en Verlosser geopenbaar, maar roep mense op tot bekering en geloof wat uitdrukking vind in dissipelskap as navolging. Die doel van die Markusevangelie word aangedui as 'n pastorale en missionêre verkondigingsdoel. Die pastorale verkondigingsdoel is gerig op geadresseerdes wat reeds glo en dit wil hulle in hulle omstandighede versterk en aanspoor om Jesus te volg, terwyl die missionêre verkondigingsdoel ongelowiges tot geloof in en navolging van Jesus roep.

6.4. DIE RELEVANSIE VAN DIE OPENBARINGSHISTORIESE KONTEKS VAN DIE "SEUN VAN DIE MENS"-UITSPRAKE IN DIE MARKUSEVANGELIE VIR DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

Die volgende navorsingsvraag is in Hoofstuk 4 beantwoord: "Wat is die relevansie van die openbaringshistoriese konteks van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie? Die derde doelwit was om die relevansie van die openbaringshistoriese konteks van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie te bepaal.

In Hoofstuk 4 is aangetoon dat daar 'n Openbaringshistoriese verband tussen die Ou en die Nuwe Testament bestaan. Hierdie openbaringshistoriese verband werp lig op die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 asook op die implikasie van Jesus, die "Seun van die mens", se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie. Dit blyk uit die ondersoek in Hoofstuk 4 dat die openbaringshistoriese konteks van die Markusevangelie en dan van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 nie net met een gedeelte in die Ou en die Nuwe Testament verband hou nie. Die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 wat die lyde, sterwe, opstanding en wederkoms van Jesus beklemtoon, behoort in die lig van "Een soos die Seun van die mens" in Daniël 7:13 ev, die "lydende Dienaar" in Jesaja 40-55, die lydende Herder-Koning in die Boek Sagaria asook die Psalms oor die "lydende regverdige", die ander Evangelies en die res van die Nuwe Testament verstaan te word.

As die Messias bied Hy en sy optrede 'n universele perspektief wat vir al die nasies geld. Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging het die implikasie van dissipelskap en koninkryksdiens vir almal uit al die nasies wat in Hom glo totdat Hy weer kom. Die paradoksale "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 hou verband met Jesus dié lydende Regverdige, die gekruisigde Christus-koning wat uit die dood opgestaan het. Hierdie paradoksale openbaring oor Jesus en sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging het verlossings- en navolgingsimplikasie vir elkeen wat in Hom as Verlosser glo en Hom volg.

Volgens die Evangelies, en spesifiek Markus 8:27-10:52, dui Jesus Homself aan as die "Seun van die mens". Die "Seun van die mens" is 'n paradoksale lydens- en heerlikheidsfiguur. Die "Seun van die mens" is ook die "Seun van God". Die "Seun van die mens" wat moet ly, sterf en opstaan, ontvang sterker klem in die Markusevangelie as in die ander Evangelies. Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging kom na vore in sy onderrig aan sy dissipels oor sy lyde, sterwe, opstanding en terugkeer. Deur sy paradoksale optrede het Jesus as "Seun van die mens" verlossing vir almal wat in Hom glo, bewerk. Sy onderrig en optrede, sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging, het implikasie. Deur sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging roep Jesus al sy volgelingen op tot bekering en geloof, kruis opneem, selfverloëning en navolging. Hierdie moeilike eis is moontlik, want Jesus het reeds die versoening bewerk en sy opstanding en terugkeer dien as troos vir al sy volgelingen, en sy diens as riglyn vir hul toekomstige diens in die "koninkryk van God".

6.5. DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN MARKUS 8:27–10:52

Die volgende navorsingsvraag is in Hoofstuk 5 beantwoord: "Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27–10:52?" Die vierde doelwit was om die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27–10:52 vas te stel. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging word uit vier perikope in Markus 8:27-10:52 afgelei, naamlik Markus 8:27-9:1, 9:30-37; 10:32-45 en 10:46-52

Uit die ondersoek van Markus 8:27-9:1 blyk dit dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-9:1 naamlik is om die dinge van God, en nie die dinge van mense nie, te bedink. Dit impliseer dat God se wil ten opsigte van die Seun van die mens aanvaar moet word. In Jesus, die lydende Seun van die mens wat moet sterf en opstaan en weer kom, moet geglo word. Sy Naam moet vreesloos teenoor almal bely word. Deur sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging roep Jesus elkeen wat sy uitnodiging hoor, om Hom te volg. Hierdie navolging impliseer selfverloëning en kruisdra as lydens- en sterwensbereidheid, en hierdie navolging moet volgehou word. Wat vir Jesus gegeld het as volmaakte en unieke Verlosser, het implikasie vir sy verlore volgelinge. In selfverloëning en opofferende gehoorsaamheid moet Hy gevolg word. Selfverloëning beteken die aflê van sondige en selfsugtige belang. Daarmee gaan kruisdra gepaard: lydens- en sterwensbereidheid ongeag die gevolge.

Enersyds het Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging volgens Markus 8:27-9:1 **verlossings- en navolgingsimplikasie**. Jesus rig die uitnodiging tot enigeen wat Hom wil volg. Vir elkeen wat hierdie uitnodiging gelowig aanvaar, wag die heerlikste vooruitsig: wie sy lewe verloor sal dit behou. Hy sal ontmoet word deur die Seun van die mens wat kom in die heerlikheid van sy Vader en sy heilige engele. Andersyds het Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging ook 'n **oordeelsimplikasie** vir elkeen wat die uitnodiging van Jesus nie aanneem nie. Elkeen wat sy of haar lewe wil behou, sal dit verloor en word uitgesluit van die verlossing wat opgesluit lê in Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging, met spesifieke verwysing na sy kruis en opstanding en wederkoms. Elkeen wat hierdie uitnodiging afwys, wys die Gekruisigde wat opgestaan het en weer kom, af. Vir elkeen wat hom vir Jesus en sy Woord skaam, sal Jesus Hom ook skaam as Hy weer kom. Vir so 'n persoon is daar geen losprys nie.

Uit die ondersoek van Markus 9:30-37 blyk dit dat die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 9:30-37 naamlik is dat elkeen van die volgelingen van die dienende Seun van die mens (vgl die 2de lydens- en opstandingsaankondiging) in nederigheid hulle medemens en veral die geringes sal dien. Die belangrikste persoon onder die dissipels en die geadresseerdes is daardie persoon wat die selfverloënde gesindheid van Jesus openbaar. Elke volgeling van Jesus, insluitend leiers soos die Twaalf, behoort nie eersoekers te wees nie, maar nederige dienaars van God. Hulle moet in sy Naam dien. Hierdie diens is nie net beperk tot die kindertjies nie, maar is van toepassing op die geringstes in die kerk en die samelewing wat so smag na Jesus se liefde. Jesus het sondaarmense se belange bo sy eie belange gestel om hulle te red. Sy hele optrede getuig van die nederigste liefdesdiens. Eie posisie, eie eer of eie voordeel moet plek maak vir die gesindheid van nederige, vrywillige, selfverloënde en liefdevolle diensbaarheid wat jouself heel laaste reken ten einde die geringste en nederigste persoon wat hulp nodig het, onvoorwaardelik lief te hê en te dien. Elkeen wat Jesus wil volg of reeds 'n volgeling is, moet die eie ek verloën of prysgee, en ter wille van die geringes in die geloofsgemeenskap en samelewing moet die eie kruis gedra word. As daar ter wille van ander gely en selfs gesterf moet word, of doodeenvoudig met die aflegging van eie belang en voordeel, posisie en status gedien moet word, moet dit vir seker gedoen word. Wie so dien, dien nie hulleself nie, maar vir Jesus en God. God wat Jesus gestuur het om te dien, stuur elkeen van sy volgelingen om hulle medemens en so vir Jesus en God self te dien. Diens aan die geringstes is niks anders nie as diens aan die belangrikste van almal – Jesus en God.

Uit die ondersoek van Markus 10:32-45 blyk dit dat die dissipels en so baie ander volgelingen dikwels geestelik blind, selfsugtig en eersugtig is. Jakobus en Johannes verstaan nie die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging nie. Hulle verstaan nie Jesus se lyde en sterwe wat aan sy heerlikheid vooraf gaan en dat navolging onlosmaaklik hiermee verband hou nie. Hulle optrede verskil radikaal van die nederige, dienswillige gesindheid en optrede van die Seun van die mens. Hulle dink nie aan Jesus of aan hulle mededissipels nie. Hulle dink net aan hulleself en eie voordeel: ereplekke ten koste van die ander dissipels. Hulle is nie bereid om te dien nie, maar wil eerder gedien word. In aansluiting by die drie lydens- en opstandingsaankondigings beklemtoon Jesus weereens sy lyde en sterwe met sy lydensbeker en lydensdoop. Jakobus en Johannes verstaan nie die onlosmaaklike band tussen die eerste lydensaankondiging en die oproep van Jesus om jouself te verloën, jou kruis te dra en vir Jesus op hierdie wyse te volg nie. Met hierdie versoek wil die twee dissipels juis hulle

lewe behou in plaas van verloor. Hulle is in hierdie stadium nie bereid om hulle lewe ter wille van Jesus en die evangelie te verloor nie (8:35). Hulle verstaan ook nie die onlosmaaklike band tussen die tweede lydensaankondiging van Jesus en die opdrag om af te sien van belangrikste wees of eerste wees nie. Die argument wat hulle onderling gehad het oor wie die grootste is, leef nog voort in hulle gedagtes.

Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 10:32-45 het inderdaad te doen met grootste en belangrikste wees, maar dan in die nederige en dienswillige gesindheid van 'n *διάκονος* en *δοῦλος*, meer nog van dié *διάκονος* en dié *δοῦλος* (vgl 10:45). Die grootste en belangrikste wees onder die dissipels, hetsy as leier tussen medeleiers (10:43 & 44) of teenoor 'n kindjie of enige ander persoon in die geloofsgemeenskap, moet gekenmerk word deur die nederige gesindheid en diens van 'n dienaar, meer nog deur die onderdanige gesindheid en status van 'n slaaf wat in die allergrootste nederigheid dien. Die onvoorwaardelike, selfverloënde, kruisdraende, navolgingspraktyk wat getuig van die Christusgesindheid en Christusgehoorsaamheid word geëis. Daar is nie plek onder die dissipels vir leiers wat eie belang en eie eer nastreef nie. In vers 45 word hierdie nederige gesindheid en onbaatsugtige diens vanuit die volmaakte versoeningsdiens van die Seun van die mens, die grootste en nederigste Dienaar ooit, gemotiveer.

Vir die vierde keer, saam met die drie lydens- en opstandingsaankondigings, beklemtoon Jesus die doel maar ook die onafwendbaarheid van sy sterwe as *διακονία* om elkeen wat glo, te red, en die uitnemendste van almal, die dienaar van almal, asook van God wat Hom gestuur het, te wees. Sy *διακονία* bestaan in onvoorwaardelike, selfverloënde, selfopofferende verlossingsdiens. Sy diens is diens tot die dood toe. Dis die hoogste vorm van diens, volmaakte diens. Sy diens bestaan in liefdesdiens wat gee, selfs al kos dit sy lewe as die lydende Dienaar van God in die plek van ander.

Teenoor die praktyk wat heers onder die heerskappyvoerders van die wêreld en die verkeerde gesindheid van die dissipels, stel Jesus sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging. Hy het nie gekom het om deur ander gedien te word nie en dit terwyl Hy daarop geregtig is en dit verdien. Soveel te meer behoort sy volgeling Hom en hulle medevolginge asook hulle medemens onvoorwaardelik te dien. Sy volgeling behoort dus soos Hy nie eer en posisie te begeer nie, maar soos Hy met hulle liefdesdiens die minste en die nederigste te wees en hulle lewe aan Hom en God toe te wy. Dis selfverloëning en kruisdra in navolging van die Seun van die mens wat sy lewe as losprys gegee het: dit is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en

daadverkondiging in Markus 10:32-45. Wat vir die twaalf dissipels as leiers in die koninkryk van God en onder sy volgelinge (vgl die gemeente) geld, geld egter per implikasie net so vir elke navolger van Jesus. Jesus stel een eis aan elkeen wat Hom volg, ongeag of jy 'n leiersrol vervul of nie. Jesus verwag van die twaalf en ander Christenleiers as navolgers om 'n voorbeeld te stel vir die ander navolgers en toekomstige navolgers. Jesus moet onvoorwaardelik gedien en in die gesindheid van Jesus wat gedien het, nagevolg word. Elkeen wat Jesus wil volg moet homself verloën, sy kruis dra en Jesus bly volg (8:34; 9:35-37; 10:43-45). Wie die grootste wil wees, moet almal se dienaar wees, en wie eerste wil wees, moet almal se slaaf wees

Uit die ondersoek van Markus 10:46-52 blyk dit dat Jesus se diens en sy volgelinge se diens nie die randfigure en noodlydendes mag uitsluit nie. Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is juis gerig op almal wat fisiese en geestelike verlossing nodig het. Sy volgelinge moet uit sondaars en noodlydendes vergader word. Uit die ondersoek na die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 10:46-52 blyk dit dat mense, insluitende die dissipels en die geadresseerdes, negatief kan optree teenoor randfigure in die samelewing en in die kerk. Daar behoort gevra te word na die wil van God en nie na wat mense wil hê nie. Uit die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dit duidelik dat Jesus in sy koninkryk nie noodlydendes verbygaan nie, maar hulle hulpgeroep hoor, mense na hulle stuur en hulle na Hom roep. God gee 'n boodskap van hoop vir die *nobodies*; trouens vir almal wat verlossing so nodig het. Die verlossingsimplikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging het 'n onlosmaaklike navolgingsimplikasie waarin die diensmotief sentraal staan.

Soos Jesus met goddelike liefde en ontferming geluister het na 'n noodlydende en vergete randfiguur, moet elke volgeling luister na die hulpgeroep van ander noodlydendes en randfigure wat na verlossing smag en op Jesus daarvoor wag. God gee deur elke volgeling as dienaar hulp, hoop, 'n nuwe lewe. Elke noodlydende moet na God en Jesus geroep word (vgl 8:34-38). Die behoeftes van die noodlydende behoort behoorlik in God se Naam ondervang te word. In God se naam behoort Jesus se vraag gestel te word: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" Dit is wel die volgeling wat dien, maar daar word in God en Jesus se Naam gedien. Wanneer God die redding bewerk, word die verlose as volgeling meegeneem met die opdrag: Gaan! Volg Jesus! Dien God, medegelowiges, medemens, in Jesus se voetspore. Die kerk is 'n missionêre kerk met 'n boodskap van hoop vir almal wat dit hoor, glo en smekend daarna smag. Elke verlose kan nie anders nie as om 'n navolger te wees wat ander mense in nood en ellende dien.

6.6. SENTRALE BEVINDING: DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE ΔΙΑΚΟΝΙΑ IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

Die bevinding van hierdie studie is dat die Markusevangelie, met spesifieke verwysing na die sentrale dissipelskappedeelte (8:27-10:52), belangrike perspektiewe bied op die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging vir elkeen van Jesus se volgeling en vir die randfigure en noodlydendes wat nog in fisiese, geestelike en sosiale nood verkeer. Christenskap sonder volhardende navolging, navolging sonder selfverloënde en kruisdraende liefdesdiens teenoor God en die medemens, veral teenoor die geringstes en noodlydendes, is volgens Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die koninkryk van God onaanvaarbaar. Elke dissipel of Christen is 'n volgeling en 'n dienaar van Jesus, wat gedien het deur vir baie mense te ly en te sterf. Deur Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging maak Hy van sy gelowiges liefdevolle en dienende volgeling. Hy genees hulle geestelike blindheid. Hy maak hulle ontvanklik om as verlostes te dien, soos Hy. Hy maak hulle ook gewillig om aktief betrokke te wees by die uitreik na medegelowiges en die medemens waarvan die geringstes en randfigure 'n besondere prioriteit behoort te geniet. Hierdie navolgingsdiens sluit ook die uitreik na medechristene en die medemens in hierdie wêreld in sodat laasgenoemde gehelp en gered kan word. Soos Jesus sondaarmense op 'n unieke wyse in woord- en daadverkondiging tot die dood gedien het, behoort elkeen van sy navolgers Hom en mekaar, maar ook hulle medemens, met spesifieke verwysing na die geringes, randfigure en noodlydendes met hulle lewe met woord- en daadverkondiging te dien. Die verlossings- en navolgingsimplikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging staan teenoor die oordeelsimplikasie vir diegene wat Hom nie werklik volg en dien nie.

Jesus se unieke, onherhaalbare *διακονία* in woord- en daadverkondiging het dus 'n verlossings- en 'n navolgingsimplikasie. Die dissipels en baie van Jesus se ander volgeling sou eers na die kruisiging en opstanding verstaan waarvoor Jesus gekom het en moes sterwe, sodat hulle en baie mense van hulle geestelike blindheid en sonde verlos kon word, sodat hulle kon verstaan dat sy verlossingswerk, sy selfverloënde en kruisdraende diens, selfverloëning en kruisdra in hulle plek was en hulle nou oproep tot selfverloëning en kruisdra tot Hy kom. Hulle navolging hou nie net verband met sy lyde en sterwe nie, maar ook met sy opstanding en die heerlike vooruitsig dat Hy weer kom. Dan sal die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging tot volle werking kom wanneer elke volgeling in sy en sy Vader se heerlijkheid deel.

Die implikasie van Jesus se $\delta\iota\alpha\kappa\omicron\nu\lambda\iota\alpha$ in woord- en daadverkondiging hou verband met drie vrae:

- die diensvraag van Jesus: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?"
- die diensvraag van die volgeling: Here wat wil U hê moet ek doen?
- die diensvraag aan die medegelowige en medemens, veral die randfigure en noodlydendes: Wat kan ek vir jou in sy Naam doen?

OPSOMMING EN SLEUTELTERME

DIE IMPLIKASIE VAN JESUS SE DIAKONIA IN WOORD- EN DAADVERKONDIGING IN DIE MARKUSEVANGELIE

OPSOMMING

Baie Christene, ook Christenleiers, is geestelik blind. Hulle verstaan nie die doel en die implikasie van Jesus se koms vir elkeen van sy volgelinge nie. So dikwels soek genoemdes eie belang en eie eer en steur hulle maar min aan hulle medegelowiges en medemens. Hulle beantwoord nie aan God se doel met hulle nie. Die hoofprobleemstelling van hierdie studie is: "Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?". Die hoofdoelstelling van hierdie studie is om die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie vas te stel.

In Hoofstuk 2 is die volgende vraag gestel: "Wat is die stand van navorsing ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?" Uit navorsing blyk dit dat die dissipels dikwels op 'n heel negatiewe wyse in die Markusevangelie voorgestel word. Navorsers verklaar hierdie negatiewe voorstelling van die dissipels verskillend. Daar is wel konsensus onder navorsers dat hierdie negatiewe voorstelling van die dissipels vanuit die temas Christologie en dissipelskap verklaar behoort te word. Die negatiewe voorstelling van die dissipels word in hierdie studie vanuit die verhouding tussen Jesus se *διακονία* en die navolgingsdiens van sy volgelinge ondersoek, om sodoende 'n antwoord te bied rakende die roeping van elke volgelinge in die missionêre kerk. Dit blyk verder uit navorsing dat dissipelskap nie beperk is tot die twaalf dissipels nie, maar dat dit Jesus se ander volgelinge ook insluit.

In Hoofstuk 3 is die volgende vraag gestel: "Wat is die relevansie van die sosiohistoriese en literêre konteks van die Markusevangelie vir hierdie studie oor die implikasie van Jesus se *διακονία* in die Markusevangelie?" Uit die sosiohistoriese konteks blyk dit dat die geadresseerdes van die Markusevangelie waarskynlik aan vervolging blootgestel was. Die relevansie van die sosiohistoriese konteks blyk daaruit dat die skrywer die geadresseerdes in hulle unieke situasie(s) bemoedig en leiding gee met betrekking tot hoe die geadresseerdes hierop moes reageer. Hierdie reaksie hou verband met Jesus se oproep aan sy volgelinge om elkeen hulle eie kruis te dra. Uit die literêre konteks blyk

dit dat die sentrale dissipelskappedeelte in Markus 8:27-10:52 'n strukturele eenheid vorm en dat Christologie en dissipelskap twee sentrale temas in hierdie Skrifdeel is. Hierdie twee temas hou direk verband met die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie. Uit die literêre konteks blyk dit dat die Markusevangelie 'n dramatiese, apokaliptiese, eskatologiese vertelling en biografie is. As biografie fokus die Markusevangelie op Jesus as subjek wat dien, maar ook op sy volgelinge wat die self moet verloën en Hom moet dien.

In Hoofstuk 4 is die volgende vraag gestel: "Wat is die relevansie van die openbaringshistoriese konteks van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?" Daar word aangetoon dat die "Seun van die mens"-uitsprake in die Markusevangelie binne die openbaringshistoriese verband van die Ou en die Nuwe Testament verstaan moet word. Jesus verkondig Hom oa in die Markusevangelie as die Seun van die mens. Die Seun van die mens is 'n koninklike heerlikheidsfiguur (vgl Dan 7:13 & 14) maar ook 'n nederige lydensfiguur (vgl Jes 40-55; Sagaria; die Psalms). Daar is verder 'n openbaringshistoriese verband tussen die Messias en sy dienaars in die Ou Testament en die Seun van die mens en sy volgelinge in die Markusevangelie.

In Hoofstuk 5 is die volgende vraag gestel: "Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52? Uit Markus 8:27-9:1 word aangetoon dat Jesus se *διακονία* verlossings-, navolgings- en oordeelsimplikasie inhou. Navolging van Jesus is om lewenslank as verlose te dien, soos Jesus gedien het. Uit Markus 9:30-37 word aangetoon dat nederige diens tussen leiers en alle volgelinge, veral teenoor die geringes in die geloofsgemeenskap, vereis word. Nederige diens aan mekaar en die geringes is nie minderwaardige diens nie. Dit is baie belangrik want dit is terselfdertyd maar diens aan Jesus en God. By die voete van die geringes in kerk en samelewing ontvang ons die nederigste Dienaar en die Allerhoogste God. Uit Markus 10:32-45 word aangetoon dat selfsug en eersug onder leiers plek moet maak vir 'n nederige gesindheid en onderdanigheid aan God, aan mekaar en aan die medemens. Hierdie navolgingsdiens spruit voort uit Jesus se versoeningswerk. In Markus 10:46-52 word aangetoon dat Jesus mense na die randfigure en noodlydendes stuur om hulle na Hom te roep sodat Hy hulle kan verlos, hulle Hom kan volg en Hom en ander kan dien.

In Hoofstuk 6 is die gevolgtrekking van hierdie studie gestel. God het 'n spesifieke doel met Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie. Deur Jesus se woordverkondiging openbaar Jesus die wil van sy Vader wat Hom gestuur het. Hierdie boodskap van die koninkryk van God is 'n boodskap van hoop. Deur sy

daadverkondiging bewerkstellig Jesus verlossing vir baie mense. Jesus se hele lewe was nederige, opofferende diens. Sy diens maak sy volgelinge se diens moontlik en hulle moet in hulle diens volhard totdat Hy weer kom. Elke gelowige is 'n volgelinge van Jesus en maak deel uit van die missionêre kerk wat as vissers van mense in die wêreld uitgestuur word. Elke gelowige word gestuur met 'n spesifieke opdrag, naamlik om as verlose, medegelowiges en die medemens, veral die geringes en die noodlydendes, met oorgawe te dien soos Jesus vir God. Vir leiers en volgelinge geld een beginsel: Volg Jesus deur God en die medemens te dien. Elke volgelinge is nie net 'n dienaar by die voete van die geringstes en die noodlydendes nie, maar ook by die voete van die grootste Denaar en die Allerhoogste God.

SLEUTELTERME

Implikasie

Diakonia van Jesus

Woordverkondiging

Daadverkondiging

Dissipelskap/navolging

Diens

Markusevangelie

ABSTRACT AND KEY CONCEPTS

THE IMPLICATION OF THE DIAKONIA OF JESUS IN WORD- AND DEED PROCLAMATION IN THE GOSPEL OF MARK

ABSTRACT

Many Christians, including Christian leaders, are spiritually blind. They do not understand the purpose and implication of Jesus' Coming for each of His followers. So often Christians seek selfinterest and their own honour and are not in the least concerned about their fellow believers and fellow man. They do not live up to God's purpose with them. The main research problem of this study is: "What is the implication of the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation in the Gospel of Mark?" The main objective of this study is to determine what the implication is of the *διακονία* of Jesus in word- and deed proclamation in the Gospel of Mark.

The specific question posed in Chapter 2 is the following: "What research has been done with reference to the implication of the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation in the Gospel of Mark?" Research has shown that the disciples are portrayed negatively in the Gospel of Mark. Researchers offer different explanations for this negative portrayal of the disciples. There is consensus among researchers that this specific portrayal of the disciples should be explained from the angle of Christology and discipleship. This study examines the negative portrayal of the disciples focusing on the *διακονία* of Jesus and the discipleship of His followers. The intention is to propose an answer to the calling of each follower in the missionary church. Research has further shown that discipleship is not limited to the twelve disciples only, but includes all followers of Jesus.

The specific question posed in Chapter 3 is the following: "What is the relevance of the socio-historic and literary context of the Gospel of Mark for this study regarding the implication of the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation in the Gospel of Mark?" The socio-historic context indicates that the addressees of the Gospel of Mark probably suffered persecution. The relevance of the socio-historic context can be read from the fact that the author of the Gospel of Mark encourages the addressees in their unique situation (s) en guides them on their response as followers. This corresponds with Jesus' discipleship calling to bear one's own cross. From the literary context it

becomes clear that the central discipleship section in Mark 8:27-10:52 forms a structural unit in the Gospel of Mark. Christology and discipleship are central themes in Mark 8:27-10:52. These two themes are directly related to the implication of the *διακονία* of Jesus in word- and deed proclamation in the Gospel of Mark?" The literary context also shows that the Gospel of Mark is a dramatic, apocalyptic, eschatologic narrative that is also a biography. As a biography of Jesus, the Gospel of Mark focuses on Jesus as Subject who serves, but also on his disciples who must deny themselves and serve God.

The specific question posed in Chapter 4 is the following: "What is the relevance of the revelation-historic context of the "Son of man" enunciations in Mark 8:27-10:52 for the implication of the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation in the Gospel of Mark? In Chapter 4 it is shown that the "Son of man" enunciations should be understood within the revelation-historical relation between the Old and the New Testament. Jesus proclaims Himself, amongst other titles in the Gospel of Mark as the Son of man. The Son of man is a glorious and kingly figure (cf Dan 7:13 & 14), but also a humble figure who suffers (cf Isaiah Jes 40-55; Sagaria; the Psalms). It is further more important to realize that there is a relationship between the Messiah and His servants in the Old Testament and the Son of man and his followers in the Gospel of Mark.

The specific question, posed in Chapter 5 is the following: "What is the implication of the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation in the Gospel of Mark?" It is shown from Mark 8:27-9:1 that the *διακονία* of Jesus has redemptive, discipleship, as well as judgemental implication. Following Jesus means to serve Him as believer and saved person. Following Jesus is to serve Jesus and God with the same attitude as Jesus served His Father and people. It is shown from Mark 9:30-37 that humble and loving service is necessary between leaders and all followers. This service should be specifically aimed at the least ones in the community of faith. Humble service towards one another and the least ones is not degraded. It is extremely important work because it is at the same time service towards Jesus and God. At the feet of the least in church and society we receive the most humble Servant and our Supreme God, the most important of all. It is shown from Mark 10:32-45 that selfish behaviour and pride among leaders must be replaced with a humble attitude and submission to God, fellow believers and fellow man. This discipleship has its origin in the reconciliatory work of Jesus. It is shown from Mark 10:46-52 that Jesus sent people to the outsiders and sufferers along the road to call them to Him. His aim is to save them that they may join and serve Him and others.

In Chapter 6 this study reaches its conclusion. God had according to the Gospel of Mark a specific purpose with the *διακονία* of Jesus in word and deed proclamation. Through His word proclamation Jesus reveals the will of His Father who sent Him to earth. This message of the Kingdom of God is a message of hope. Through His deed proclamation Jesus brings salvation to many people. The life of Jesus was a life of humble, sacrificing and loving service. His service makes their service possible. He calls all His followers to serve God until He comes again. Every believer is a follower of Jesus and part of the missionary church as fishers of men. Each believer is sent out in the world with the sacrificing love of Jesus to serve God, fellow believers, his fellow man especially the least ones and those who suffer. Leaders and followers should live according to the same principle: Follow Jesus by serving God and your fellow man. Every follower is a servant not only at the feet of the least ones and those who suffer, but also at the feet of the greatest Servant and our Supreme God.

KEY CONCEPTS

Implication

Diakonia of Jesus

Proclamation of the word

Proclamation of the deed

Discipleship / Following

Serve

The Gospel of Mark